AFRIKAANS

Die Publiek se Gids

# #RSABUDGET2022

www.treasury.gov.za | RSA Budget | #RSABudget2022

'n Gesamentlike publikasie van die Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

UITGEREIK DEUR

national treasury
Department:
National Treasury
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: (012) 315 5757
www.treasury.gov.za

INFO

### WAT IS DIE BEGROTING?

Jaarliks, gedurende Februarie, maak die Minister van Finansies die Nasionale Begroting bekend vir die regering se uitgawe-, belasting-, en leningsplanne vir die volgende drie jaar. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.

### HOE WORD DIE BEGROTING OPGESTEL?

1. Departementele riglyne, met begrotingsinligtingvereistes, word uitgereik
2. Departemente prioritiseer hulle programme, stel bestedingsplanne en verbintenisse tot dienslewering op
3. Begrotingsvoorstelle word by die Tesourie ingedien en oorweeg
4. Interdepartementele komitees van Direkteurs-generaal oorweeg toekenningsvoorstelle
5. Aanbevelings word aan die Ministersbegrotingskomitee gemaak
6. Die Mediumtermyn Begrotingsbeleidsverklaring gee 'n aanduiding van die komende begroting
7. Finale toekennings word deur die Kabinet gemaak
8. Begrotingsdokumente word voorberei
9. Hoofbegroting word ter Tafel gelê
10. Parlement debatteer en aanvaar die Begroting
11. Stuur na die President vir ondertekening om dit 'n Wet te maak



# 'N GEBALANSEERDE BENADERING TOT EKONOMIESE HERSTEL

**Die regering het besteding aan maatskaplike behoeftes oor die afgelope twee begrotings versnel om Suid-Afrikaners te beskerm – in die besonder arm huishoudings.**

Besteding aan gesondheid, onderwys, behuising, maatskaplike toelaes, vervoer, indiensnemingsprogramme en munisipale dienste het vanaf 58.2 tot 59.5 persent van die begroting tussen 2019/20 en 2021/22 toegeneem.

Bykans die helfte van alle Suid-Afrikaners ontvang ten minste een maatskaplike toelaag vanaf die Staat. Die ekonomie, daarenteen, groei nie vinnig genoeg vir meeste mense om werk te kry nie, wat die ongelykheid en armoede vergroot.

Die begroting poog om inkomste en uitgawes te balanseer. Die regering het meer bestee as wat ingevorder is, en dit het die openbare finansies verswak. Hierdie wanbalans moet reggestel word maar sou dit misluk, sal die regering meer geld moet leen om uitgawes te dek.

Staatskuld het tot R4.35 triljoen gestyg. Vir elke Rand wat ingevorder word, word 17 sent gebruik om renteskuld te delg – geld wat beter aangewend kon word om werk te skep, onderwys te verbeter en hospitale te bou. Indien dié skuld nie verminder word nie, kan dit tot 'n groter ekonomiese en fiskale krisis lei.

Suid-Afrika het vir bykans twee jaar met die COVID-19 pandemie en 'n ekonomiese resessie gesukkel. Die regering het lewens en lewensbestaan geprioritiseer asook die armste Suid-Afrikaners ondersteun, en terselfdertyd die openbare finansies gedurende die slegste afwaartse ekonomie in dekades te probeer stabiliseer. Belastinginvordering was hierdie jaar beter as verwag, en daarom kan die regering meer noodsaaklike programme finansier. Maar die belastingoplewing mag van korte duur wees. Sou ons ekonomie vinniger groei, sal inkomste ook verhoog. Dit sal die regering in staat stel om die gaping tussen inkomste en uitgawes te verminder, en so skuld stabiliseer.

> "Die Begroting voorsien vir tydelike addisionele uitgawes, hoofsaaklik aan maatskaplike toelaes, werkskepping en die gesondheidsektor om voorts COVID-19 te beveg"

Die Begroting voorsien vir tydelike addisionele uitgawes, hoofsaaklik aan maatskaplike toelaes, werkskepping en die gesondheidsektor om voorts COVID-19 te beveg. Terselfdertyd sal die regering voortgaan met sy medium-termyn strategie om die begrotingstekort te verminder en groeiende skuld te stuit. Die 2022 Begroting verleng die R350 per maand spesiale COVID-19 maatskaplike nood toelaag vir 12 maande. Maar om die toelaag verder as Maart 2023 te verleng, sal 'n permanente voedingsbron gevind moet word, wat hoër belasting of inkorting van staatsuitgawe sal beteken. Die regering werk aan reëls en die waarde van 'n permanente toelaag, asook bekostigbare befondsing opsies. Verdere aankondigings sal in die 2022 Mediumtermyn Begrotingsverklaring (MTBV) gemaak word.



# BOODSKAP VANAF DIE MINISTER

**Fiskale beleid – deel van Nasionale Tesourie se verantwoordelikhede – is een van die kritieke instrumente beskikbaar om die uitdagings van armoede, werkloosheid en ongelykhede vererger deur die COVID-19 krisis, die hoof te bied.**

Die 2022 Begroting versterk die maatskaplike beskerming aan die armes, wie die hardste deur die uitwerking van die pandemie getref is, moedig groei aan en bevorder fiskale volhoubaarheid.

Die fiskale pad wat ons gekies het, sluit die stabilisering van skuldvlakke in terwyl die begrotingstekort vernou word. Ons is daartoe verbind om maniere te vind om korttermyn finansiële ondersteuning te bied aan die mees kwesbare onder ons teen die ergste elemente van die pandemie.

Daarbenewens implementeer ons maatreëls en beleid, wat daarop gemik is om langtermyn ekonomiese groei te verseker, deur omstandighede te skep wat nodig is om beleggings te lok, die vermoë van die staat te verbeter om ekonomiese aktiwiteit te stimuleer, terwyl ons verseker dat die publieke geld produktief en oordeelkundig bestee word.

Dis nie 'n maklike taak nie. Dit vereis dat ons strategiese kompromieë sal moet tref. Dit vereis ook dat ons staat maak op ons inherente krag en veerkragtigheid as 'n volk, wat altyd teen alle verwagtinge in kan opstaan.

Oor die afgelope twee jaar, sedert die begin van die pandemie in 2020, het ons ons reaksie aangepas om die uitdagings teë te werk of selfs te oorskry. Geleidelik, tree vir tree, sal ons daarin slaag om ons ekonomie te herstel.

# VERSEKER 'N VOLHOUBARE EN VEERKRAGTIGE EKONOMIE

**Die pandemie het die werkersmark sleg geafekteer, en het tot 2.1 miljoen werksverliese sedert die eerste kwartaal van 2020 gelei.**

Dié verliese sal waarskynlik nie herwin kan word nie. Die openbare geweld gedurende Julie 2021 in KwaZulu-Natal en dele van Gauteng het ook ons ekonomie geskaad en tot werksverliese gelei. Die regering se herstel planne fokus op werkskepping en inkomste steun. Dit sluit die skepping van openbare werksprogramme en belasting aansporing in. Insgelyks, maak die regering strukturele hervormings om meer vaardighede in die ekonomie in te bring en dit makliker te maak om besigheid te doen. Hoër indiensneming en die uitbreiding van die middelklas sal inkomste en verbruik oor tyd verhoog.




> Nasionale Tesourie projekteer dat die ekonomie teen 2.1% persent in 2022 sal groei, wat vinniger is as wat ons aanvanklik gewag het

Die regering het vordering gemaak ten opsigte van strukturele hervorming wat in die 2021 MTBV beskryf is. Byvoorbeeld, die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling het 200 000 hektaar grond aan geprioritiseerde groepe verhuur, wat werkskepping en kleinsake ondernemings ondersteun. Vyf-en-vyftig infrastruktuur projekte, ter waarde van R595 miljard, is geprioritiseer in areas soos energie en water om die ekonomie se vermoë te verbeter om vinnig te groei.

Nasionale Tesourie projekteer dat die ekonomie teen 2.1 persent in 2022 sal groei, wat vinniger is as wat ons aanvanklik verwag het. Die volle uitwerking van die pandemie is nog onseker, veral weens werksverliese en vertraagde beleggings. Die regering se beplande hervormings is belangrik om investering, groei en indiensneming te hernu.


# INFRASTRUKTUUR BESTEDING OM BELEGGING EN GROEI TE BEVORDER



**Die regte infrastruktuur projekte kan ekonomiese groei, werkskepping en vermindering in armoede ondersteun.**

Die regering, sakesektor en ander instellings sal hulpbronne bymekaar sit om kapitaal projekte te befonds. Sowat R812 miljard sal oor die volgende drie jaar aan openbare sektor infrastruktuur bestee word. Na verwagting sal provinsies en munisipaliteite onderskeidelik R185.5 miljard en R194.4 miljard oor dieselfde tydperk aan infrastruktuur spandeer. Na verwagting sal provinsies R44.3 miljard bestee om huise te laat bou onder die menslike nedersetting ontwikkelingstoelaag. Hierdie bates sal dan aan huiseienaars oorgedra word. Die regering sal oor die volgende drie jaar die elektrisiteit-opwekkingsvermoë uitbrei, die vervoernetwerk opgradeer en uitbrei, en sanitasie en waterdienste verbeter. Verder sal die gesondheids- en onderwysinfrastruktuur in stand gehou en verbeter word.

> Die regering sal oor die volgende drie jaar die elektrisiteit-opwekkingsvermoë uitbrei, die vervoernetwerk opgradeer en uitbrei, en sanitasie en waterdienste verbeter



# BESTEDING AAN GESONDHEID OM COVID-19 TE BEVEG

**Suid-Afrika het vier noemenswaardige COVID-19 infeksie-vlae beleef, met 3.6 miljoen bevestigde gevalle en 95 000 bevestigde sterftes teen einde Januarie 2022.**

Die uitrol van die entstof is van kardinale belang om die verspreiding van die virus en die erns van infeksies te beperk. 'n Bedrag van R2.3 miljard is opsy gesit vir die aankoop en toediening van entstowwe tussen April 2022 en Maart 2023. R15.6 miljard sal aan provinsies oor die volgende drie jaar toegeken word om COVID-19 te beveg en tekorte aan noodsaaklike voorrade aan te vul.

# WERKSKEPPING DEUR DIE PRESIDENSIËLE INDIENSNEMINGS-INISIATIEF



**Die presidensiële indiensnemings-inisiatief is in Oktober 2020 geloods as deel van die regering se reaksie teen die COVID-19 pandemie.**

Die inisiatief het tot op hede meer as 840 000 mense ondersteun deur 'n kombinasie van werkskepping, behoud van werk en lewensonderhoud. R18.4 miljard is toegewys vir die inisiatief om geteikende steun te bied aan 500 000 mense oor die volgende twee jaar. Dit fokus op die verskaffing van betekenisvolle werk en lewensonderhoud, veral vir werklose jong mense.

> R18.4 miljard is toegewys vir die inisiatief om geteikende steun te bied aan 500 000 mense oor die volgende twee jaar

## BEGROTINGS-HERVORMINGS-AGENDA

**Die Vulekamali aanlyn portaal, 'n toekennings wenner, is in 2018 geloods om gebruikersvriendelike begrotingsdokumente en gidsmateriaal te verskaf.**

Tot op hede, het landsburgers, akademiese instellings, joernaliste en burgerlike organisasies van hierdie data gebruik gemaak. Die portaal moedig openbare onderrig en interaksie rondom die Begroting aan. Vulekamali het onlangs instandhouding ondergaan – die Nasionale Tesourie kondig met trots aan die terugkeer en verdere ontwikkeling later in die jaar. Die Nasionale Tesourie, in samewerking met die burgerlike koalisie IMALI YETHU, sal voortgaan om nuwe inligting op die portaal te voorsien.





# MAATSKAPLIKE TOELAES

Maatskaplike toelaes sal 18.6 miljoen mense tussen April 2022 en Maart 2023 ondersteun. Terselfdertyd sal 'n addisionele X miljoen mense die spesiale COVID-19 maatskaplike noodverligtingstoelaag ontvang. Daar is R44 miljard opsygesit om begunstigdes van R350 per maand te voorsien. Daar word in die Begroting voorsiening gemaak vir die aanpassing van permanente toelaes in lyn met inflasie.


| MAATSKAPLIKE TOELAES | 2021/22 | 2022/23 |
|---|---|---|
| Staat ouderdomstoelaag | R1 890 | R1 985 |
| Staat ouderdomstoelaag ouer as 75 | R1 910 | R2 005 |
| Oorlogsveterane toelaag | R1 910 | R2 005 |
| Ongeskiktheidstoelaag | R1 890 | R1 985 |
| Pleegsorgtoelaag | R1 050 | R1 070 |
| Sorgafhanklikheidstoelaag | R1 890 | R1 985 |
| Kinderonderhoudstoelaag | R460 | R480 |

# WAAR KOM DIE GELD VANDAAN EN HOE SAL DIT AANGEWEND WORD IN 2022/23:


### STAATSBRONNE VAN INKOMSTE IN 2022/23:




### STAATSBESTEDING IN 2022/23




# REGERING NIE-RENTE EN RENTEBETALINGS AS DEEL VAN TOTALE UITGAWES:




* Nie-rente uitgawes is totale uitgawes deur die regering wat rente betalings op skuld uitsluit.

# 2022 BELASTING VOORSTELLE

SARS At Your Service

## PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING

### HOE BEÏNVLOED DIE VERANDERING IN PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING JOU?

Die 2022 Begroting bied belastingverligting van 4.5 persent in persoonlike inkomste belastingvlakke en -kortings aan wat in lyn is met die verwagte inflasiekoers. Die bedrag wat 'n individu kan verdien voordat belasting betaalbaar is, word soos volg vir die belastingjaar van 1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2023 aangepas:

| BELASTINGDREMPELS | BELASTINGJAAR: 2021/22 | BELASTINGJAAR: 2022/23 |
|---|---|---|
| Onder die ouderdom van 65 | R87 300 | R91 250 |
| Ouderdom 65 tot 74 | R135 150 | R141 250 |
| Ouderdom 75 en ouer | R151 100 | R157 900 |

Die nuwe belastingdrempel vir individuele belastingbetalers is soos volg:

| BELASTINGKORTINGS | BELASTINGJAAR: 2021/22 | BELASTINGJAAR: 2022/23 |
|---|---|---|
| Primêr (alle individue) | R 15 714 | R 16 426 |
| Sekondêr (ouderdom 65 en ouer) | R 8 613 | R 9 000 |
| Tersiêr (ouderdom 75 en ouer) | R 2 871 | R 2 997 |

## SONDE BELASTING

### TOENAME IN BELASTING OP ALKOHOL EN TABAK

Spesifieke aksynsbelasting op alkoholiese drank produkte sal tussen 4.5 en 6 persent verhoog, en op tabakprodukte tussen 4.5 en 6.5 persent verhoog.

| | VERHOOG MET: |
|---|---|
| Moutbier | 11c per 340ml blikkie |
| Ongefortifiseerde wyn | 17c per 750ml bottel |
| Gefortifiseerde wyn | 33c per 750ml bottel |
| Vonkelwyn | 76c per 750ml bottel |
| Appel bier en alkoholiese vrugte drankies | 11c per 340ml blikkie |
| Sterk drank | R4.83 per 750ml bottel |
| Sigarette | R1.03 per pakkie van 20 |
| Verhitte tabakstokkies | 78c per pakkie van 20 |
| Sigaret tabak | R1.16 per 50g |
| Pyp tabak | 37c per 25g |
| Sigare | R6.77 per 23g |

## BELASTINGSKALE

### BELASTING: INDIVIDUE EN TRUSTS

Belasting betaalbaar deur individue vir die belastingjaar wat eindig tussen 1 Maart 2022 en 28 Februarie 2023

| Belasbare inkomste (R) | Belasting betaalbaar (R) |
|---|---|
| 0 tot 226 000 | 18% van belasbare inkomste |
| 226 001 tot 353 100 | 40 680 + 26% van belasbare inkomste hoër as 226 000 |
| 353 101 tot 488 700 | 73 726 + 31% van belasbare inkomste hoër as 353 100 |
| 488 701 tot 641 400 | 115 762 + 36% van belasbare inkomste hoër as 488 700 |
| 641 401 tot 817 600 | 170 734 + 39% van belasbare inkomste hoër as 641 400 |
| 817 601 tot 1 731 600 | 239 452 + 41% van belasbare inkomste hoër as 817 600 |
| 1 731 601 en hoër | 614 192 + 45% van belasbare inkomste hoër as 1 731 600 |
| Trusts, uitgesluit spesiale trusts | 45% |

### INKOMSTEBELASTING: MAATSKAPPYE

Finansiële jare wat eindig op enige datum tussen 1 April 2022 en 31 Maart 2023

| Tipe | Belastingkoers |
|---|---|
| Maatskappye | 28% van belasbare inkomste (tot 30 Maart)<br>27% van belasbare inkomste (vanaf 31 Maart) |

### INKOMSTE BELASTING: KLEINSAKEKORPORASIES

Finansiële jare wat eindig op enige datum tussen 1 April 2022 en 31 Maart 2023

| Belasbare Inkomste (R) | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| 0 – 91 250 | 0% van belasbare inkomste |
| 91 251 – 365 000 | 7% van belasbare inkomste hoër as 91 250 |
| 365 001 – 550 000 | 19 163 + 21% van belasbare inkomste hoër as 365 000 |
| 550 001 en hoër | 58 013 + 28% van belasbare inkomste hoër as 550 000 (tot 30 Maart)<br>58 013 + 27% van belasbare inkomste hoër as 550 000 (vanaf 31 Maart) |

### OMSETBELASTING VIR MIKRO-BESIGHEDE

Finansiële jare wat eindig op enige datum tussen 1 Maart 2022 en 28 Februarie 2023

| Belasbare omset (R) | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| 0 tot 335 000 | 0% van belasbare omset |
| 335 001 tot 500 000 | 1% van belasbare omset hoër as 335 000 |
| 500 001 tot 750 000 | 1 650 + 2% van belasbare omset hoër as 500 000 |
| 750 001 en hoër | 6 650 + 3% van belasbare omset hoër as 750 000 |

## HEFFINGS EN BELASTING OP BRANDSTOF

Daar is geen toename in die algemene brandstofheffing en die padongeluksfondsheffing nie. Huidiglik:

- Die algemene brandstofheffing is R3.85 per liter op petrol en R3.70 per liter op diesel.
- Die padongeluksfondsheffing is R2.18 per liter vir beide petrol en diesel.

Die koolstof belasting op brandstof word met 1 sent per liter verhoog vanaf 1 April 2022. Dit sal die belasting tot 9c per liter petrol en tot 10c per liter diesel opskuif.